



Ons vermeerder God se vreugde!

Nuusbrief van Agter-Paarl Geloofsgemeenskap

Geskryf deur Johannes Nortier

13 Januarie 2022

Gedagte vir die week:

Baie ek, min God. Min ek, baie God!
Groot ek, klein God. Klein ek, groot God!

Vertretpunt:

Psalm 139

Meditasie uit die Woord:

Psalm 139 laat ons nadink, soos al die Psalms, nie oor wie God is nie, **maar oor wie God vir ons is**. Miskien moet jy mooi en lank oor die voorafgaande sin dink, en seker maak dat jy dit goed verstaan, en ook dink oor die implikasies daarvan vir jou geloof in God. Psalm 139 konfronteer ons nie met 'n rasonale en wetenskaplike geleerdheidsgeloof nie, maar met 'n geloof-uit-en-in-en-van-die-lewe. Psalm 139 is 'n baie persoonlike getuienis van hoe één mens sy klein aardse tydjie interpreteer binne die groter ewigheidstyd. Hy sien sy klein lewe as iets wat hy bestuur binne 'n groter Bestuur. Sy plannetjies funksioneer binne 'n groter Plan. Alles wat met hom gebeur verstaan hy binne 'n groter Goddelike geheel. Hierdie geloof word nie in 'n klaskamer gebore nie, maar in 'n binnekamer waar 'n mens oop is vir 'n verbasende ontmoeting met God en die goddelike. Daar is ook nie 'n middelmens wat dit vir jou laat gebeur nie. Dit is 'n direkte God-mens gebeurtenis. Ons noem dit 'n **openbaring**. Dit is iets waarvan jy bewus is, maar wat jy nie kan verduidelik en verklaar nie. Dit is amper soos 'n goeie ongeluk ... as daar so iets is! Dit gebeur eenvoudig onverwags en onbepland, en na die tyd is al wat jy weet, dat dit gebeur het. Só werk geloof. En dan vertel jy nie meer vir mense wie God is nie, maar vertel jy vir mense **wie God vir jou is!** Ek hoop jy is oop om mettertyd jou eie Psalm 139 te skryf.

Reisgesprek en Youtube-skakel:

Op Sondagoggend 16 Januarie 2022 om 09:30 hou ons 'n reisgesprek in die kerkgebou. Jy kan aan die digitale weergawe daarvan deelneem by <https://youtu.be/2KxwThRiU4o>

Meditasie uit die Lewe:

In een sekonde kan alles verander. Vra maar vir SW Venter wat in Februarie 2021 in die Agter-Paarl belydenis van sy geloof gedoen het. Hy is die seun van Johan (Blokies) en Johanna Venter. Hy was op daardie stadium in graad 12 in die Hoërskool Drostyd in Worcester. Hy het na sy matriekeksamen op Hermanus gaan vakansie hou. Op Sondag 2 Januarie 2022 gaan swem hy in die see. Hy duik in 'n sandbank vas en kan net sy een hand uitsteek bo die water. Gelukkig, genadiglik, sien 'n man van Pretoria sy hand raak en trek hom uit die water. Op die strand word hy gestabiliseer deur 'n dokter wat die dag by die see geniet. Die ambulans neem hom na Vergelegen Medi Clinic in Somerset-Wes waar hy geopereer word. Tans is hy verlam in sy onderlyf. In een sekonde verander alles. So onvoorspelbaar broos is die lewe. Juis darem moet ons sag en genadig leef, want in een sekonde ...! Ons nooi jou om SW in gedagte te hou en saam met hom te wag vir wat ookal nou op sy lewensreis gaan gebeur. Ek hoop op verrassende Goddelike genade vir elke nuwe sekonde.

Aantekeninge:

1. 'n Mens hoef nie altyd met almal en alles saam te stem nie. Ek nooi jou om saam met my die gawe van nederige en respekvolle gesprek te ontdek.
2. **As jy hierdie epos foutiewelik ontvang of dit nie meer wil ontvang nie, stuur net 'n epos wat lui "kanselleer nuusbrief" na ngkagterpaarl@telkomsa.net of nortierjohannes6@gmail.com**